



# basic education

Department:  
Basic Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

## **NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL V2**

**NOVEMBER 2022**

**LIMPOPO**

**NASIENRIGLYNE**

**PUNTE: 40**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 10 bladsye.**

## NASIEN VAN DIE LETTERKUNDE

1. Spel- en taalfoute in antwoorde word nie geenaliseer nie omdat die fokus op begrip is. (Foute moet steeds aangedui word.) Waar die foute die betekenis van die woord(e) verander, word dit wel geenaliseer.
2. Indien die kandidaat woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal wat geassesseer word, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie geenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.
3. Vir **oop vrae** word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/ EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering/bewys moet oorweeg word.
4. Vir WAAR/ONWAAR- of FEIT/MENING-vrae word geen punte vir WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING toegeken nie. Net die rede/motivering/aanhaling word bepunt.
5. Waar een-woord-antwoorde gevra word en die kandidaat 'n volsin gee, is dit korrek, **mits** die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.
6. Wanneer twee of drie feite/punte vereis word en die kandidaat gee 'n hele reeks, word **slegs** die eerste twee of drie feite/punte nagesien.
7. Aanvaar dialektiese variasies.
8. Aanvaar die letter en/of die korrekte antwoord wat uitgeskryf is by 'n **meervoudigekeuse-vraag**.

**AFDELING A: KORTVERHALE**

**VRAAG 1: BLADSAK – Lucas Malan**

**VERHAAL A: "DIE TOWERSAK" – Corlia Fourie**

| VRAAG  | ANTWOORD  | PUNT             |
|--------|---|------------------|
| 1.1    | (Vir die) muti-vrou   | 1                |
| 1.2    | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Wanneer die meisie wou loop</li> <li>• Die dag wanneer die meisie gaan<br/>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul>   | 1                |
| 1.3    | (Die meisie se pa het vir haar geleer) om spies te gooi.  | 1                |
| 1.4    | personifikasie  | 1                |
| 1.5.1  | dinge vir hulle toekoms   | 1                |
| 1.5.2  | nuwe dinge ervaar   | 1                |
| 1.6    | (Die jongman het gesê dat die meisie) <b>gisternag/die nag/die aand</b> (alles uit die sakkie gehaal het).  | 1                |
| 1.7.1  | E/... was bekommerd oor die meisie se veiligheid.   | 1                |
| 1.7.2  | D/... het vir die meisie die vryheid gegee om self te besluit.  | 1                |
| 1.7.3  | A/... het gehelp dat die meisie nie alleen was nie.   | 1                |
| 1.7.4  | B/... het vir die meisie 'n tweede kans gegee.  | 1                |
| 1.8    | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Die jongman het weggeloop terwyl die meisie geslaap het.</li> <li>• Die krygsmanne het die meisie gevang.</li> <li>• Die meisie het saam met die ander vroue op die lande gewerk.</li> <li>• Die meisie is vrygelaat sodat sy kon aanhou loop en stories uitdink.<br/>(Die kandidaat kry 'n punt vir elke gebeurte wat op die korrekte plek is.)</li> </ul>    | 1<br>1<br>1<br>1 |
| 1.9    | C/hy het geglo dat die meisie lief was vir hom.   | 1                |
| 1.10.1 | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Die meisie was anders as ander meisies.</li> <li>• Die meisie se pa het haar ondersteun./Die meisie se pa het gesê sy mag dit doen.</li> <li>• Die meisie se pa het haar geleer om met 'n spies te gooi.</li> <li>• Die meisie sou haarself kon beskerm.</li> <li>• Die sakkie sou die meisie beskerm.<br/>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul> | 1                |

| VRAAG  | ANTWOORD  | PUNT |
|--------|---|------|
| 1.10.2 | <ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n Mens moet 'n ander persoon se privaatheid/wense respekteer.</li> <li>• 'n Mens moet aanvaar wanneer iemand nee sê/nie iets wil doen nie.</li> <li>• Die jongman het die meisie gemanipuleer/dit teen haar liefde afgespeel.</li> <li>• Dit het hulle in die moeilikheid laat beland.</li> <li>• Dit het veroorsaak dat die meisie haar belofte aan haar ma verbreek het.</li> </ul> <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i> | 1    |
| 1.11   | <p>Ek sou ...</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• by die meisie gebly het/saam met haar verder gestap het.</li> <li>• haar om verskoning gevra het dat ek so aanhou kla het.</li> <li>• spyt gevoel het dat ek aanhou vra het.</li> <li>• haar (probeer) oortuig het om terug te gaan huis toe.</li> <li>• ook weggegaan het.</li> </ul> <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>   | 1    |
| 1.12   | <p>Ek sou ...</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• sy verskoning aanvaar het.</li> <li>• gesê het dis reg, ons begin van voor af.</li> <li>• gesê het ons kan nog vriende bly en dinge saam doen.</li> <li>• hom nie teruggeneem het nie.</li> </ul> <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>  | 1    |

### VERHAAL B: "OUPA JOB KOM TERUG" – Cecilia Kruger

| VRAAG  | ANTWOORD   | PUNT |
|--------|--|------|
| 1.13   | <ul style="list-style-type: none"> <li>• (Bo in sy pa se) kas</li> <li>• (In sy pa se) slaapkamer</li> </ul> <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i> | 1    |
| 1.14   | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Koerant(uitknipsels)/foto</li> <li>• Medaljes</li> </ul> <i>(Of soortgelyk aan bogenoemde)</i>                      | 2    |
| 1.15.1 | toekoms  | 1    |
| 1.15.2 | bly waar dit was   | 1    |
| 1.16   | Vrydag(oggend)   | 1    |
| 1.17.1 | Johannesburg   | 1    |
| 1.17.2 | Selati   | 1    |
| 1.17.3 | trui   | 1    |
| 1.17.4 | <ul style="list-style-type: none"> <li>• drie vyfrandstukke/3 R5 stukke</li> <li>• vyftien rand/R15</li> <li>• geld</li> </ul> <i>(Enige EEN)</i>            | 1    |

| VRAAG  | ANTWOORD  | PUNT |
|--------|---|------|
| 1.18   | Simon het ... <ul style="list-style-type: none"> <li>die medaljes nie in sy rugsak gesit nie.</li> <li>die medaljes in 'n koevert/in sy binnesak/in 'n koevert in sy binnesak gesit.</li> <li>kort-kort gevoel of die medaljes nog in sy sak was.<br/>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul>   | 1    |
| 1.19.1 | B/... was bekommerd oor die medaljes wat in die huis gebêre moes word.  | 1    |
| 1.19.2 | D/... het dadelik besef hoe waardevol die medaljes was.   | 1    |
| 1.19.3 | E/... het vir Simon die storie agter die medaljes vertel.   | 1    |
| 1.19.4 | A/... het uiteindelik die erkenning gekry wat hy verdien het.   | 1    |
| 1.20   | D/Simon verbaas was om te hoor dat Oupa Job in hierdie oorlog was.  | 1    |
| 1.21   | <ul style="list-style-type: none"> <li>Dit het gewys hoe dankbaar hulle vir die skenking was.</li> <li>Dit het die waarde van die museum verhoog/nog nuwe goed gebring wat in die museum gehou kon word.</li> <li>Dit is goeie maniere om dankie te sê vir 'n skenking.</li> <li>Dit was deel van sy werk.<br/>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul>  | 1    |
| 1.22   | Die medaljes was <b>veilig</b> in die museum (en Oupa Job het gevra Simon se pa moes dit veilig hou/bewaar).<br>(Of soortgelyk aan bogenoemde)  | 1    |
| 1.23   | Ek het geleer dat ... <ul style="list-style-type: none"> <li>museums belangrik is (vir alle kulture).</li> <li>daar baie interessante/waardevolle dinge in museums bewaar word.</li> <li>ek baie in museums kan leer.</li> <li>dit die moeite werd is om museums te besoek.</li> <li>mense moeite doen om dinge vir die nageslag te bewaar.</li> <li>ek dankbaar moet wees dat dinge van die verlede vir my bewaar is.</li> <li>almal trots moet wees op hul geskiedenis.<br/>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul> | 1    |
| 1.24   | <ul style="list-style-type: none"> <li>In die slot lees ons dat almal wat die museum besoek, nou Oupa Job se medaljes kan sien.</li> <li>Oupa Job se medaljes wat nou in die museum is, vertel van wat Oupa Job gedoen het toe hy ver weg was.</li> <li>Oupa Job het die medaljes gekry toe hy ver van die huis af was, maar nou het sy medaljes teruggekom huis toe.<br/>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul>   | 1    |

**TOTAAL AFDELING A: 40**

**AFDELING B: DRAMA**

**VRAAG 2: PERDEKRAG – Cecilia du Toit**

| VRAAG  | ANTWOORD  | PUNT             |
|--------|---|------------------|
| 2.1    | Silwerkloof (Stalle)<br><i>(Aanvaar nie Silverkloof nie, want dit is Engels)</i>  | 1                |
| 2.2    | Binki/Bianca  | 1                |
| 2.3    | <ul style="list-style-type: none"> <li>Dit was sy straf./Hy moes 'n les leer.</li> <li>Lucky moes sy gemeenskapsdiens daar uitdien.</li> <li>Lucky het iets verkeerds gedoen/was wreed teenoor diere/het (6) katjies doodgemaak/verdrink/diere mishandel.<br/><i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i></li> </ul>  | 1                |
| 2.4    | (Lucky moes vir) <b>drie/3 maande/honderd uur</b> (lank elke naweek op die perdeplaas werk) <i>(Fokus op die DRIE)</i>  | 1                |
| 2.5    | 'n vergelyking  | 1                |
| 2.6.1  | gehoorsaam  | 1                |
| 2.6.2  | teruggepraat met Wilma  | 1                |
| 2.7.1  | D/... het beter gevoel oor wat met Grace gebeur het.  | 1                |
| 2.7.2  | A/... het respek vir diere en ander mense geleer.   | 1                |
| 2.7.3  | E/... was nie meer bang vir perde en ander mense nie.   | 1                |
| 2.7.4  | B/... se gestremde lyf kon deur perdry geoefen word.  | 1                |
| 2.8    | D/iets verkeerds gedoen het.  | 1                |
| 2.9    | <ul style="list-style-type: none"> <li>Lucky het Tinkerbelle laat weghardloop.</li> <li>Binki het vir Lucky toebroodjies vir middagete gebring.</li> <li>Lucky het vir Binki vertel dat sy ma elke aand vir hulle kos kook.</li> <li>Binki het vir Lucky vertel wat met Dukie gebeur het.<br/><i>(Die kandidaat kry 'n punt vir elke gebeure wat op die korrekte plek is.)</i></li> </ul>     | 1<br>1<br>1<br>1 |
| 2.10.1 | Binki ... <ul style="list-style-type: none"> <li>se (eie) ma het nie tyd of aandag aan haar bestee nie.</li> <li>se ma was te besig/dikwels oorsee/altyd besig.</li> <li>se ma het nie gewys dat sy omgee het vir haar nie.</li> <li>het iemand nodig gehad om vir haar te sorg/om te gee.</li> <li>se (eie) ma gril vir haar.<br/><i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i></li> </ul> | 1                |

| VRAAG  | ANTWOORD  | PUNT |
|--------|---|------|
| 2.10.2 | <p>In hierdie antwoord kan ons fokus op:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Binki se eienskappe wat Wilma beskermend teenoor haar laat optree het: <ul style="list-style-type: none"> <li>○ Binki was bang/skaam vir vreemde mense./Binki was nie gewoon aan mense soos Lucky nie.</li> <li>○ Binki was bang vir perde.</li> <li>○ Binki het baie vrese gehad.</li> <li>○ Binki het nie selfvertroue gehad nie.</li> </ul> </li> <li>• Lucky se negatiewe houding/optrede: <ul style="list-style-type: none"> <li>○ Lucky was baie anders as Binki/het lelik gepraat.</li> <li>○ Lucky het vir Binki geterg/haar moedeloos gemaak/haar moed gebreek/haar afgekraak.</li> <li>○ Lucky wou nie op die plaas wees nie.</li> <li>○ Lucky was van die begin af moeilik/wou nie luister nie/was stout.</li> <li>○ Lucky was 'n boelie/het vir Binki geboelie.</li> <li>○ Lucky was aggressief/onbeskof/het Binki seergemaak met die dinge wat hy gesê het.</li> <li>○ Lucky het nie respek vir ander gehad nie.</li> <li>○ Lucky raak ongeduldig as sy aarsel. <i>(soos dit in die teks staan)</i></li> <li>○ Lucky het 'n slegte houding teenoor die perde gehad.</li> <li>○ Lucky het katjies doodgemaak/was wreed.</li> <li>○ Wilma het gedink Lucky was 'n slegte persoon.</li> </ul> </li> <li>• Wilma was bang dat Lucky vir Binki negatief sou beïnvloed. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i></li> </ul> | 1    |
| 2.11   | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Baie jongmense praat so/meng hulle taal.</li> <li>• Dis hoe tieners/jongmense/die mense in sy omgewing praat.</li> <li>• Dis nie sy huistaal nie/hy is 'n Xhosaseun/-spreker.</li> <li>• Dit maak Lucky se karakter geloofwaardig./Dit sou vreemd wees as Lucky suiwer Afrikaans gepraat het.</li> <li>• Lucky weet nie altyd hoe om iets in Afrikaans te sê nie/het nie die nodige woordeskat om in Afrikaans te praat nie. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i></li> </ul>  | 1    |
| 2.12   | <p>Ek sou vir hom ...</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• gesê het dat 'n mens nie so praat wanneer jy tussen ander/vreemde mense is nie.</li> <li>• gevra het of dit is wat sy ma van hom verwag het/wat sy ma sou dink as sy hoor hoe hy praat.</li> <li>• gesê het dat dit swak maniere is.</li> <li>• ander/beter/alternatiewe woorde gegee het om te gebruik.</li> <li>• gesê het dat hy ander mense moet respekteer/mooi met ander mense moet praat.</li> <li>• verduidelik het dat lelike taal aanstoot gee/mense kwaad maak. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i></li> </ul>  | 1    |
| 2.13   | (Op) Saterdag/Saterdag  | 1    |

| VRAAG  | SB ANTWOORD  | PUNT |
|--------|--|------|
| 2.14   | B/hy dit sou regkry dat die perd na hom luister.   | 1    |
| 2.15   | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Hy het gedink die perd is dom/kan nie vir homself dink nie/het 'n klein brein.</li> <li>• Hy het nie genoeg van perde af geweet nie.</li> <li>• Hy was kwaad vir Wilma.</li> <li>• Hy was sarkasties.</li> <li>• Hy het nie van diere gehou nie.</li> <li>• Hy het niks van Kaizer gedink nie.</li> <li>• Diere/perde kan nie hoor/luister wat mense sê nie/kan nie mooi dink nie.</li> <li>• Kaizer wou nie na Lucky luister nie.<br/>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul>  | 1    |
| 2.16   | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Sy ma se salaris was minder as wat een kat gekos het. /is min betaal/het min geld verdien.</li> <li>• Sy ma moes baie hard werk.</li> <li>• Sy ma moes baie vroeg in die oggend/baie ver ry om betyds by haar werk te wees.</li> <li>• Sy ma moes agter ander mense skoonmaak.</li> <li>• Daar was baie goed in die buitekamer gestoor wat hy eerder kon gebruik.</li> <li>• Die mense het hulle katte beter behandel/meer omgee as vir hom/sy ma.</li> <li>• Hy moes buite wag terwyl die katte in 'n Zozo-hut was.</li> <li>• Hy was kwaad vir ryk mense/vir die ryk mense vir wie sy ma gewerk het/het nie van ryk mense gehou nie.</li> <li>• Hy wou net iets seermaak omdat hy self seer was.<br/>(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)<br/>(Let wel: Die TWEE redes mag nie na dieselfde aspek verwys nie)</li> </ul> | 2    |
| 2.17.1 | vergewe/vergeef/verskoon/vergifnis<br>(Aanvaar spelfout indien dit nie die betekenis van die woord verander nie, bv. vergief/vergefe maar NIE vergif NIE).   | 1    |
| 2.17.2 | poot/voorpoot/voet/been/hoef/enkel<br>(Aanvaar spelfout indien dit nie die betekenis van die woord verander nie, bv. bien)   | 1    |
| 2.17.3 | water  | 1    |
| 2.17.4 | verbaas/verstom/geskok/woordeloos/<br>dankbaar/tevrede/bly/gelukkig/opgewonde/beïndruk/geamuseerd/<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)   | 1    |
| 2.18.1 | <ul style="list-style-type: none"> <li>• C/Mevrou Mhlope het nie meer by die ryk mense gewerk nie.</li> <li>• B/Die swart hings het kwaai gereageer.<br/>(Enige EEN)</li> </ul>  | 1    |
| 2.18.2 | E/Binki het haar ma baie min gesien.   | 1    |



| VRAAG  | ANTWOORD   | PUNT |
|--------|--|------|
| 2.18.3 | A/Die perde is gebruik om ander mense te help.   | 1    |
| 2.18.4 | D/Binki het nie elke dag skool toe gegaan nie.   | 1    |
| 2.19   | <ul style="list-style-type: none"> <li>Binki het haar letsels/littekens/scars weggesteek/wou nie gehad het mense moes haar letsels sien nie.</li> <li>Binki was skaam oor haar letsels/het gedink ander mense gril vir haar.</li> <li>Binki het letsels op haar arms gehad/brandwonde opgedoen toe hulle huis afgebrand het./Binki se arms het gebrand.<br/>(Ons aanvaar ook Binki se arms het <b>afgebrand</b>)</li> <li>Binki het nie selfvertroue gehad nie, a.g.v. haar littekens.<br/>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)<br/>(Aanvaar ook <b>scars</b> omdat dit so in die teks staan)</li> </ul>   | 1    |
| 2.20.1 | per ongeluk  | 1    |
| 2.20.2 | haar lewe by Wilma te aanvaar soos dit is  | 1    |
| 2.21   | <ul style="list-style-type: none"> <li>Dis verkeerd om enige mens 'n vark te noem./'n Mens moet ander mense respekteer.</li> <li>Alle ryk/wit mense is nie dieselfde/sleg nie.</li> <li>Nie alle witmense is ryk nie/party witmense kry ook swaar.</li> <li>Dis verkeerd om mense te stereotipeer.</li> <li>Jy kry slegte mense in alle kulture.<br/>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul>   | 1    |
| 2.22   | <p>In hierdie antwoord kan ons fokus op:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>Lucky: <ul style="list-style-type: none"> <li>Dit het hom geleer ... <ul style="list-style-type: none"> <li>om van diere te hou.</li> <li>om respek vir diere/mense te hê.</li> <li>dat alle ryk mense nie sleg is nie.</li> <li>dat daar mense is wat vir ander omgee.</li> <li>om dankbaar te wees vir wat hy het.</li> <li>om sy ma se liefde te waardeer.</li> <li>dat slegte dinge ook met ander/wit mense gebeur.</li> <li>dat perde vir mense luister as jy goed is vir hulle.</li> <li>om verantwoordelikheid vir sy daede te aanvaar.</li> </ul> </li> </ul> </li> <li>Binki: <ul style="list-style-type: none"> <li>Dit het haar geleer ... <ul style="list-style-type: none"> <li>om Sabrina "Ma" te noem.</li> <li>om nie (meer) bang vir perde te wees nie.</li> <li>om oor haar hartseer te praat.</li> <li>om nie meer skaam vir/oor haar letsels te wees nie.</li> <li>om nie meer bang te wees vir mense soos Lucky nie.</li> </ul> </li> </ul> </li> <li>Lucky het vriende met Binki gemaak.<br/>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul> | 1    |

| VRAAG | ANTWOORD  | PUNT |
|-------|---|------|
| 2.23  | <ul style="list-style-type: none"><li>• Die <b>titel</b> sê vir ons/beteken dat ...<ul style="list-style-type: none"><li>○ perde die krag het om mense te help/te genees/gesond te maak. ✓<br/>(Of soortgelyk aan bogenoemde)</li></ul></li><br/><li>• In die <b>slot</b> lees ons dat ...<ul style="list-style-type: none"><li>○ dit wel so in die storie gebeur het.</li><li>○ die perde se krag wel (die) mense/karakters gehelp het.</li><li>○ die mense en diere saam in harmonie met mekaar was.</li><li>○ die mense/karakters se probleme opgelos is/dat hulle gesond geword het/dat hulle lewens beter is.</li><li>○ Lucky met Kaizer praat en dit lyk asof Kaizer hom help om diere te respekteer. ✓<br/>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)<br/>(<u>Let wel:</u> Die vraag dui aan dat kandidate na die betekenis van die titel en die slot moet verwys. Indien 'n kandidaat nie daarin slaag om 'n duidelike verband te lê nie en net by die een aspek uitkom, is dit 1 punt werd.)</li></ul></li></ul> | 2    |

**TOTAAL AFDELING B: 40**  
**GROOTTOTAAL: 40**